SEPTEMBER 1959

**KOERS**

DEEL XXVII No. 3

# DIE EKONOMIESE IN PERSPEKTIEF

1. **Oriënterend.**

Die kern van my betoog in die diskussie[1]) oor die ekonomiese sou ek as volg wil stel.

Ook in die ekonomie (as gegewe en as vakwetenskap) behoort met die (betrokke faset van die) beeld van God rekening gehou te word. Waar (volgens die kosmiese dimensie van gebeurtenisse) kringe van bv. kuns en wetenskap teleologies af (afgerond) is in sover hulle in eie kring hul bestemming vind, daar is die ekonomiese teleologies onaf, omdat die ekonomiese 'n eksterne bestemming het, nl. die doelmatige voorsiening aan ander kringe van goedere wat hulle as middele nodig het vir die behartiging van hul betrokke take. Hiervolgens is die ekonomiese handeling (resp. proses) primêr voorsorg en diens, en die ekonoom die draer van die (faset van die) beeld van God as die Voorsienige. Die teleologiese onafheid en die eksterne bestemming van die ekonomiese handeling (resp. proses) as voorsorg en diens blyk ook uit 'n indringende analise van die vak-ekonomies vae en onbepaalde grensbegrippe soos ‚behoeftebevrediging', ‚doeleindes', ‚doelmatig', ‚doelgerig' en ‚bruikbaar'.

Die ekonomiese handeling (resp. proses) is (volgens die kosmiese dimensie van modaliteite) af (afgerond). Modaal is die mees eenvoudige, en daarmee die mees omvattende) ekonomiese handeling (resp. proses) die beheer van uitruilbare goedere met die oog op uitruiling volgens 'n vereffening van waardes van die uitruilbare goedere. Hierin is die ekonomie ‚soeverein in eie kring'. ‚Skaarsheid', ‚keuse tussen doelstellings' en ‚besparing' (‚spaarsaamheid') tref ons by meer ingewikkelde ekonomiese handelings (resp. prosesse) aan. Die modale afheid van die ekonomie moet in die omlysting van sy teleologiese onafheid gesien word.

2. **Die tweede antwoord van dr. F. J. du Plessis (Koers, Apr. 1959).**

Dr. du Plessis (wat in sy eerste antwoord die gedagte van die beeldskap van God verwelkom, maar ontken dat ekonomie primêr voorsorg en diens is

---

1). Vir vorige artikels sien „Koers" Julie, September, Oktober 1958 en Januarie 1959. Tensy anders verlang sou ek my bydrae tot hierdie diskussie hiermee wou afsluit.

en dat die ekonoom beelddraer van God as die Voorsienige is) vind die ekonomiese in doelmatige maksimale behoeftebevrediging by die uitoefening van beskikkingsmag oor skaars alternatiefbruikbare goedere. Die mees eenvoudige ekonomiese handeling (resp. proses) is volgens hom sonder ‚skaarsheid', ‚keuse tussen doelstellings' en 'n ‚komparatiewe waarde-oordeel t.o.v. behoeftebevrediging' nie moontlik nie. Omdat my antwoord hierop 'n (alhoewel breër uitgewerkte) herhaling van wat ek (in **Koers** Jan., Febr. 1959) gesê het sou beteken, volstaan ek met die opmerking dat sonder (a) die oogmerk (resp. proses) van ruil (b) ‚skaarsheid', 'n ‚keuse tussen doelstellings' en 'n ‚komparatiewe waarde-oordeel' geen sin het nie, terwyl (a) sonder (b) tog 'n ekonomiese handeling (resp. proses) is.

M.b.t. ons kernprobleem het ons nader aan mekaar gekom. Dit gaan nou vir dr. Du P. om wat **eerste** en wat **later** kom. „Die ekonomiese handeling moet in **eerste** instansie getrou wees aan sy eie interne motiewe (wette) en kan **daarna** hom laat lei deur eksterne motiewe". Hierop laat hy volg dat as interne en eksterne motiewe bots, die eksterne voor die interne moet buig; dat wie bv. op grond van 'n diensmotief doelbewus skade ly, geen ekonomiese handeling voltrek nie[2]); en dat die (eksterne) diensmotief die ekonomiese nie lei nie, maar dit slegs beïnvloed om dit in staat te stel om beter aan sy eie (interne) motiewe te voldoen.

Die vraag wat **eerste** en wat **later** kom (soos deur dr. Du P. uiteengesit) moet o.i. in die lig van die volgende beskou word. a. Ons moet onderskei **tussen** (E) die ekonomiese in ruimer sin, wat (e) die ekonomiese in enger sin (nl. die aan die ekonomiese norm beantwoorddende) sowel as (non-e) die (die ekonomiese norm oortredende) onekonomiese omvat, **en** (e) die ekonomiese in enger sin. Was slegs laasgenoemde ekonomie, dan sou bv. bankrot-speel geen ekonomiese handeling (resp. proses) gewees het nie. b. 'n Botsing tussen die (eksterne) diensmotief en die (interne) vereffeningsmotief kan suiwer ekonomies wees; m.a.w., ons mag die **ekonomiese** diensmotief nie met die **sedelike** motief van liefdesdiens verwar nie. c. Die ekonomiese handeling (resp. proses) is aan **beide** tipes van norme onderworpe, **sowel** (in sy teleologiese onafheid) aan die middele-norm (nl. die eis van dienende verskaffing van doelmatige middele wat ander kringe ‚nood-ig' het, resp. waaraan hulle ‚behoefte' het) **as** (in sy modale afheid) aan die vereffeningsnorm (wat bv. o.a. verliese op die lang termyn uitskakel). Onekonomies is die oortreding van sowel die een as die ander. d. 'n Konflik tussen gen. tipes van norme (resp. pligte) in 'n gegewe situasie is ekonomies; iets anders is 'n konflik van bv. ekonomiese en sedelike norme (of pligte).

Die vraag wat **eerste** en wat **later** kom is vir my primêr 'n ontiese funderingsvraag[3]). Die bestaansmoont-

2). Sy formulering van die voorbeeld is uitvoeriger.

3). 'n Vraag van syns-Bepaaldhede, synsverhoudings (w.o. syns-afhanklikhede). Dit moet onderskei word van die vraag van opeenvolging in tyd, bv. dat temporeel gesien eers middele verskaf moet word voordat daarvan ‚in feite' gebruik gemaak kan word.

likheid van ekonomie as goedereverskaffing (,behoeftebevrediging') is gegrond in take (,node', ,behoeftes') van ander kringe, wat ekonomiese goedere as middele vir hul betrokke taak-vervulling vereis. Implisiet blyk dit ook uit dr. Du P. se woorde: „Die ekonomiese handeling volg eers **nadat** (ek kursiveer) die behoefte waaraan voldoen moet word, bekend is"; asook uit 'n konsekwent deurgevoerde analise van dr. Du P. se doelmatigheidsnorm. Die ekonomiese handeling (resp. proses) is eers moontlik op grond van die (**teleologies** leidende) **dat** en **wat** van buite-ekonomiese (ekonomiese goedere as middele vereisende) take (,node', ,behoeftes') van ander kringe. Aldus gefundeer tree die (**modaal** leidende) **hoe** van die ekonomiese handeling (resp. proses) soos deur die vereffeningsnorm bepaal in werking. Die genoemde **dat** en **wat** is dan ook nie daar om die genoemde **hoe** „in staat te stel om beter aan sy eie motiewe te beantwoord" nie. Maar die genoemde **dat** en **wat** beslis ook nie oor die genoemde **hoe** nie.

Dr. Du P. handhaaf dat omdat eers die behoefte (waaraan die ekonomiese handeling moet voldoen) bekend moet wees, en omdat daarna die ekonomiese handeling volg (terwyl aan die behoefte ,in feite' eers voldoen kan word nadat middele beskikbaar is), die ekonomiese middele-verskaffing geen voorsorg (m.a.w. voorsiening) is nie, maar slegs besorging is, en wel bloot 'n toedeling van middele aan verskillende behoeftes; en dat hier dus van die beeld van God as die Voorsienige geen sprake is nie. Dit hang saam met sy vak-ekonomiese siening van wat **eerste** en wat **later** kom. Sien ons egter dat die **modaal**-ekonomiese vereffeningsproses onties gefundeer is in **teleologies** gegewe take (node', ,behoeftes') van ander kringe met hul ,nood-igheid' van middele, en vervolgens dat die betrokke kringe hul take nie kan behartig nie, tensy (met verloop van tyd die ekonomie ,voorsorgend' en dienend hulle van die ,nood-ige' middele voorsien, dan is hierdie middele-verskaffing meer as bloot toedelende besorging, en is die ekonoom die draer van die (faset van die) beeld van God as die Voorsienige. Dr. du P., wat die erkenning van die beeld van God verwelkom het, het egter self nog nie gesê hoe hy dit vir die verstaan van die ekonoom en van die ekonomie vrugbaar wil maak nie.

Ons verskil van sienswyse is m.i. nóg die van 'n bloot vak-ekonomiese en 'n wysgerige kyk op die ekonomie.

### 3. Die antwoord van prof. L. J. du Plessis (Koers, Jun. 1959).

Die essense van die ekonomiese is volgens prof. Du P. **primêr** 'n goeie manier van huishouding en wel die bevrediging van die meeste behoeftes met die minste opoffering[4]). Dit (so verstaan ek hom) is die ekonomiese modaliteit.

**Sekundêr** (en beperk) is die ekonomiese vir hom die terrein waar veref-

4). Dr. du P. sal mutatis mutandis teen hierdie formulering van die betrokke norm dieselfde beswaar aanteken as wat hy (**Koers** Sept. 1958 bl. 111) teen my formulering daarvan (**Koers** Jul. 1958, bl. 17) geopper het. (Sien ook **Koers** Okt. 1958, bl. 170). Wat my egter in prof. Du P. se formulering hinder is die uitdrukking van „meeste behoeftes". Want behoeftes verskil kwalitatief en t.o.v. hul dringendheid.

fening van offer en resultaat die mees dringende is, nl. dié van voorsiening van goedere en dienste wat vir die lewensonderhoud noodsaaklik en bevorderlik is.

Die **primêr** ekonomiese (resp. die ekonomiese modaliteit) beheers en lei ook die dimensies van ekonomiese strukture, gebeurtenisse en waardes. (Hierdie formulering is vir my nie heeltemal duidelik nie).

Die **sekundêr** ekonomiese bepaal 'n bedryf as 'n ekonomiese instituut, maar bv. nie 'n kerk nie.

(Ek hoop ek het prof. Du P. reg verstaan en weergegee. Op die probleem van ekonomie en huishouding gaan ek later in).

Prof. Du P. se opvatting van die **primêr** ekonomiese is m.i. te wyd. Die bevrediging van die meeste behoeftes (doeleindes) [3]) met die minste opoffering is 'n norm vir die verhouding van middel tot doel. Hierdie teleologiese middele-norm geld wel ook vir die ekonomiese as doelmatige voorsiening van goedere wat ander kringe as middele vir hul betrokke taak-behartiging nodig het. Maar die teleologiese middele-norm geld óók vir die nie-ekonomiese, bv. o.a. ook vir opvoedkundige didaktiek, (te langdradige) preke, denkprosesse (wat in bysake verdwaal), behandeling van siekes, vervaardiging van apparate deur navorser, liefhebbery-blomme kweek, ensovoorts. As ons met toepassing van die teleologiese middele-norm op dergelike gevalle hulle as ekonomies, resp. onekonomies kwalifiseer, gebruik ons die terme ‚ekonomies', resp. ‚onekonomies' dan nie in oordragtelike of analogiese sin nie? Met hierdie teleologiese middele-norm verbind prof. Du P. in verder verband die bepaling: „vereffening van offer en resultaat". Maar dit is nie die m.i. modale vereffening van waardes van uitruilbare goedere nie; m.a.w. bly sy opvatting van die **primêr** ekonomiese te wyd.

In sover sy **sekundêr** ekonomiese 'n „voorsiening (is) van goedere en dienste" is dit vir my **teleologies** die eintlik (as u wil ‚primêr') ekonomiese (in sy innige verbondenheid met die daarvan onderskeie **modaal** ekonomiese). Maar hy spreek van 'n voorsiening van goedere en dienste „wat vir die lewensonderhoud noodsaaklik en bevorderlik is". Sy opvatting van die **sekundêr** ekonomiese is m.i. te eng; ten minste as ons **‚lewensonderhoud'** letterlik opvat, en hiervolgens die ekonomiese beperk tot voorsiening van kos, klere, inwoning, medisyne e.d.m.; en as ons daarby die voorsiening van middele vir ander take (soos bv. bybels, nagmaalbekers, mikroskope, lineale, klaviere, verf en penseel, foto's, rugbyvelde, rolprente e.d.m.) uitsluit.

4. **Ekonomie en die kosmiese dimensie van** (individuele en) **sosiale strukture.**

Prof. Du P. noem die ekonomiese ook 'n goeie manier van huishouding; en hy dui verder aan waarom 'n bedryf wel, maar 'n kerk nie 'n ekonomiese instituut is nie. Hierdie visie ressorteer onder die **kosmiese dimensie van** (individuele en) **sosiale strukture.** Omdat ek die ekonomiese nog nie volgens genoemde kosmiese dimensie behandel het nie, gryp ek die geleentheid wat prof. Du P. se opmerking my bied aan, om kortliks

aan te dui hoe hierdie kosmiese dimensie die ekonomiese belig.

Die **Wysbegeerte van die Wetsidee** het ons die kostelike insig gegee dat menslike samelewingskringe (soos bv. huwelik, gesin, staat en kerk) aan alle modale kringe deel het, en dus ook aan die ekonomiese. Daar bestaan dan ook bv. 'n gesins-, 'n staats- en 'n kerklike huishouding of ekonomie (en ewe-eens huishoudkunde of ekonomie as wetenskap). Ekonomie of huishouding is in dergelike samelewingskringe ook 'n beheer van goedere, 'n vereffening (bv. van bates en laste asook van inkomste en uitgawes) en 'n diens (in belang van die betrokke samelewingskring as geheel). Interessant is egter dat 'n ekonomiese instituut onder leiding van die ekonomiese modaliteit staan, maar ander samelewingskringe onder leiding van ander betrokke modaliteite (iets waarna prof. Du P. ook heenwys). Op grond hiervan gaan huishoudelik by 'n ekonomiese instituut die uitgawes aan die verwagte inkomste vooraf, terwyl by ander samelewingskringe omgekeerd inkomste huishoudelik aan uitgawes voorafgaan. By 'n ekonomiese instituut speel die (alhoewel parsiële maar tog mede-beslissende) winsmotief sy onvermydelike rol; by die ander nie. Met bv. die inning van inkomste sal by die staat 'n (deur reg geleide) dwang (vgl. inkomstebelasting) 'n rol speel en by die kerk vrywillige liefdesgawes (vir instandhouding van die erediens, armesorg, sending, ensovoorts); terwyl dwang en vrywillige bydraes by 'n ekonomiese instituut nie die betrokke rolle speel nie.. By 'n gesin sal die ouers uit liefde hul uitgawes inkrimp (besuinig) om hul kinders 'n beter opvoeding te gee, terwyl 'n ekonomiese instituut hierdie sedelike liefdesbesuiniging nie ken nie. Maar genoeg. Alhoewel die ekonomiese instituut onder leiding van die ekonomiese staan, kan dit weens sy deelname aan die ander modaliteite nie van bv. die sedelike en juridiese geïsoleer word nie. Mutatis mutandis geld dit ook van ander samelewingskringe. (Hieronder val ook prof. Du P. se verwysing na 'n onekonomiese bestuur van die kerk).

### 5. Ekonomie en die kosmiese dimensie van waardes.

Volledigheidshalwe verduidelik ek kortliks hoe die (nog nie behandelde) **kosmiese dimensie van waardes** die ekonomiese belig. Ons kan die ekonomiese (soos dit bv. onder kapitalistiese of kommunistiese regîme ontstaan en ontwikkel het) be-oordeel. Ook die teoretiese stelsels van die ekonomie as wetenskap kan be-oordeel word. Beoordeling is waarde-bepaling, uitsprake van waarde-oordele, uitsprake betreffende goed en/of sleg (in ruime sin verstaan). Hierdie waardes, waardebepalings en waarde-oordele mag resp. nie verwar word met ekonomiese pryse, waarde-vereffening en dr. Du P. se komparatiewe waarde-oordele nie. Die skepping in al sy verskeidenheid is goed en/of sleg, het m.a.w. aan waarde deel. Reeds in Genesis I word herhaaldelik gesê dat die skepping goed is; en deur die sondeval het kwaad (in ruime sin verstaan) ingetree. Goed en/of sleg veronderstel (en is verbind met) onderskeie modaliteite, individue en menslike samelewingskringe asook gebeurtenisse;

hulle is kwalifikasies wat openbaar of die „dinge" aan die Goddelike wetsorde, asook aan hul aard en bestemming al dan nie beantwoord. In hierdie sin kan ook die ekonomie en die ekonomiese teorieë in hul waarde-bepaaldheid onder soek word.

6. **Slotwoord.**

Elkeen van die vier (universele en tot mekaar onherleibare) kosmiese dimensies laat ons 'n bepaalde kant ('n bepaalde aspek) van die ekonomiese ‚werklikheid' (of ‚realiteit') sien. Die ekonomie in die volheid van sy bestaan is meer as die som van sy dimensionele aspekte en druk hom in elke dimensionele kant op 'n eie wyse uit. (Prof. du P. spreek in hierdie verband van 'n greep uit die volle lewe. Dit is verwarrend dat hy dit later weer 'n aspek van die konkrete werklikheid noem).

Die ekonomie in sy konkrete volheid kan nie van die nie-ekonomiese modaliteite geïsoleer word nie (iets waarop prof. Du P. ook wys); en die ekonomiese institute ook nie van die ander samelewingskringe nie. Die ekonomiese gebeurtenisse (handelings, prosesse) kan nie geïsoleer word van ander gebeurtenisse, en die waardes van die ekonomiese ook nie van ander waardes nie. Die ekonomie kan in sy volheid nie geïsoleer word van die hele kosmiese wetsorde nie. Ook nie van die volheid van die konkrete, toerekenbare, verantwoordelike en tot vryheid geroepe menslike persoon nie. Ten slotte en fundamentaliter ook nie van sy religieuse Grond, van God uit Wie en deur Wie en tot Wie álle ‚dinge' is nie.

Die tekort van my uiteensetting van die ekonomiese tot dusver is dat ek (al te beknop) in hoofsaak net na die ekonomiese in sy onderskeidenheid gevra het; en dat ek nie ingegaan het op die innige verbondenheid van die ekonomiese met alles wat nie ekonomie is nie. Ek het dit gedoen as wysgeer wat met die vraagstuk van ekonomie worstel (tereg spreek prof. Du P. van 'n worsteling), en besef ten volle my gebrek aan vak-ekonomiese kennis, asook dat sienings wat ek aangaande die ekonomiese nou huldig, later mag blyk verkeerd te wees. Vir die diskussie (en sy gees) is ek dankbaar. Ek het daarby geleer; nie net omdat verantwoording my tot skerper en helderder onderskeidings verplig het nie, maar my ook nuwe insigte besorg het.

H. G. STOKER.

Potchefstroom.